

Oerwoudvalk Nr. 7
Land van die Vampiere
A. P. du PLESSIS

# LAND VAN DIE VAMPIERE

*deur*

**A. P. DU PLESSIS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Land van die Vampiere

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van 1960 en geredigeer deur Marney van Ginkel.
Tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

Rewolusie in die Oerwoud
deur A.P. du Plessis

ISBN: 978-1-928498-46-9

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

In hierdie laaste verhaal vergesel die Oerwoudvalk ’n wêreldbekende ontdekkingsreisiger en wetenskaplike, asook ’n paar ander eskpedisielede. Hulle is almal op soek na die Vampier jagters. Dit is ’n lang verlore blanke stam, diep in die hartjie van die Amasone. Kort op hulle hakke volg ’n skurk en sy trawante hulle in ’n ander motorboot. Hulle is bewus is van die soektog, maar is net agter die goud aan, wat die verlore stam moontlik besit.

Skaars is die Valk en sy lede onderweg, of hulle word aangeval deur Indiane met dodelike gifpyltjies. Die Rivier van die Dood wemel van priranhas en dit eis ook talle slagoffers wat daarin beland. Hulle oorleef dit net-net, maar loop hulle dan kort daarna weer vas in Indiaan kopjagters. Toe die nood op sy hoogste is, kry hulle redding uit ’n onverwagse oord, maar beland in die proses in die mag van die skurk wat hulle heeltyd agtervolg het.

Saam soek hulle verder na die Land van die Vampiere en net toe hulle dit bereik, word hulle daar deur die Vampier krygers gevange geneem. Daar ontdek hulle tot hulle uiterste verbasing iemand wat al vir baie jare as vermis aangeteken is. Hulle word toe voor die keuse gestel om vir ewig daar te bly of in die Tempel van die Vampiere geoffer te word. Interessante verwikkelinge volg kort na mekaar en het die Valk sy hande behoorlik vol om almal deurentyd uit die gevaar te hou en betyds te probeer red...

## UITTREKSEL

Die Valk begin weer aansukkel. Nog 'n vlermuis land op sy skouer, gevolg deur meer wat op sy rug, sy arms, bene, bors en kop begin saampak. Vir een van die weinige kere in sy lewe oorweldig die paniekerigheid die Valk. Oral is daar nou pynprikkels op sy lyf. Warm bloed begin reeds teen sy liggaam afvloei. Sy eie bloed! Onophoudelik flits dit deur sy brein. Hierdie vlermuise is bloedsuiers... vampiere!

Met sy jagmes kap hy na die swewende gedaantes in die lug en wild slaan hy na die klouende bondeltjies aan sy lyf. Hy begin terug strompel na die grot opening, terwyl hy keer vir sy gesig. Maar hy is magteloos. Dit voel later vir hom of die vlermuise in trosse aan hom hang. Hy kan letterlik voel hoe sy kragte uit hom begin vloei. "Ek moet hier uit," hamer dit deur die Valk se kop. "Ek moet in die daglig kom." Hy struikel en beur moeisaam orent. Sy bene swik en sy mes kletter op die grondvloer voor hom. Sy hele lyf is met bloed besmeer en dit is of sy bloed se reuk die duisende bloedsuier-vlermuise kranksinnig maak.

# INHOUD

**HOOFSTUK**


1. Die Rivier Rowers
2. Onheil
3. Gifpyle
4. Die Aanval
5. Land van die Vampiere
6. Die Verrassing
7. Tempel van die Vampiere

# 7. LAND VAN DIE VAMPIERE

## Hoofstuk 1
## DIE RIVIER ROWERS

"EK wil jou vooraf waarsku dat dit 'n ekspedisie van die dood kan wees. Ons sal te voet en per roeiboot deur ongetemde, stomende oerwoude moet gaan, wat selfs die in Afrika na kinderspeletjies sal laat lyk."

Die geleerde het aan sy pyp gesuig en die Oerwoudvalk forsend aangekyk.

"Dis die land van mensvreter visse en van Indiaan kopjagters. 'n Vreemde wêreld waar geen blanke nog ooit sy voet gesit het nie en die wat wel die moed bymekaar geskraap het en dit probeer het, leef nie meer om hul verhaal te vertel nie."

Dr. Frank Braun het skielik vooroor geleun en met sy pypsteel na die Valk gewys. "Omdat ons dit geweet het, het ons jou om hulp kom vra. Sonder jou, het ons geen hoop om lewendig uit daardie groen hel te kom nie. Met jou hulp, sou ek sê die kanse is miskien vyftig-vyftig, maar dit is genoeg vir ons."

Hy het weer agteroor geleun. "Misluk ons." Hy het sy skouers opgetrek en vir 'n paar oomblikke lank doodstil gebly. "Misluk ons, dan is dit tot daarnatoe, maar slaag ons en dit is belangrik dat ons moet slaag, sal dit in belang van die wetenskap en van die beskawing wees…"

Waar hulle in die Valk se boomhuis van die Matonga, in die hart van Afrika gesit het, het die Oerwoudvalk skielik geglimlag. "Dr. Braun, u kan maar sê ek is lid van u ekspedisie. Dit is 'n geleentheid wat ek beslis nooit sal laat verby gaan nie."

Dr. Braun het vinnig opgestaan, die bruingebrande reus se

groot hand vasgegryp en toe so opgewonde soos 'n skoolseun begin babbel.

----------

Van waar hulle gemaklik in die Dakota vliegtuig sit, wat hoog oor die Brasiliaanse hoogland dreun, dink die Valk terug aan sy eerste kennismaking met Dr. Braun, die wêreldbekende Suid-Afrikaanse ontdekkingsreisiger en wetenskaplike.

Dit was twee maande gelede. Sedertdien het die organisasie vir die gevaarlike ekspedisie, na hoogste versnelling oorgeskakel. Alles is nou feitlik gefinaliseer... Die tog deur die groen hel van Suid-Amerika kan maar begin.

Die Oerwoudvalk leun terug in sy sagte sitplek. Hy is geklee in 'n wit somerspak, wat spesiaal vir hom gemaak moes word, soos ook die ander Westerse klere wat hy saam gebring het. Sy aantreklike, bruingebrande gelaat met die staalgrys oë, steek skerp af teen die ligte pak. Sy breë skouers maak die hele sitplek se leuning toe.

Op die sitplek regoor hom, sit Dr. Braun met 'n ligte fronsie tussen sy toe oë. Die man het 'n sterk, oop gesig en is fors gebou. Mens kan nie anders as om van hom te hou nie.

Voor Dr. Braun sit Alberto Solini, 'n effens gesette, maar tog veerkragtige Portugees en sy dogter Petra Solini, 'n toonbeeld van vurige Romaanse skoonheid...

Die Solini's is deel van die geselskap en was verantwoordelik vir die reëlings in Brasilië. Toe hulle Solini 'n paar dae gelede in Rio de Janeiro ontmoet het, het hy gesê dat sy dogter saam gaan. Dr. Braun se besware het hy in die wind geslaan met die woorde. "Waar pappa Solini gaan, gaan sy dogter..."

En so was dit. Dr. Braun het toe geen verdere besware

geopper nie, net sy skouers opgehaal en gesê. “Jy weet wat voorlê Solini. As jy jou dogter se lewe op die spel wil plaas, is dit jou saak.”

Solini het net gesnork en ’n dik Portugese sigaar aangesteek. Solini, wat hulle as tolk en kenner van die oerwoude van Brasilië sal vergesel. Solini, die man met die verterende soeke na aksie en avontuur...

Die Valk se oë dwaal verder. Twee banke voor hom, met net die agterkant van hul koppe sigbaar, sit Len Jones, ’n Amerikaanse miljoenêr se seun en ook Anita Strauss, ’n beeldskone Amerikaanse blondine van Duitse afkoms.

Dit is Len Jones wat hierdie ekspedisie eintlik finansier.

Dit is hy wat die brose stadsjuffer op die uiters gevaarlike tog wil saam sleep. Ook hier het Dr. Braun se besware op dowe ore geval.

“Kyk Braun, ek betaal vir die besigheid. Ek vat haar saam. Ek moet darem geselskap hê, verbrands...”

Jones het sy liggaam tot sy volle ses voet drie uitgerek, sy groot borskas uitgestoot en indrukwekkend in sy oopslaanhemp en kortbroek gelyk.

Braun het gefrons, ’n slag na die Oerwoudvalk gekyk en innerlik geswets. Hierdie temperamentele Portugees en die verwaande Amerikaner maak sake vir hom uiters moeilik.

Toe het hy sy skouers opgetrek en gesê. “Goed Jones, maar ek het julle gewaarsku, en vir jou ook juffrou...”

Anita Strauss se blou oë het vir hom gelag. Sy het haar skraal, blanke vingers in haar slenterbroek se sakke gesteek, haar skouers net opgelig en gesê. “Moenie oor my bekommerd wees nie, Frankie. Len sal my beskerm. Hy is groot en sterk. Hy was laas jaar Mnr. Amerika, weet jy?”

Eenkant het Jones selfvoldaan gekug. “Ek sal haar beskerm,

ja...”
Agter Braun het die Valk gefrons, maar niks gesê nie. Dit was duidelik dat die geleerde op daardie oomblik in die middel van die wêreld was en dat sy keuse van metgeselle op die wêreld se gevaarlikste tog, hom met teleurstelling spanning gevul het.
Maar daar was niks aan te doen nie. Solini het die kennis van binnelandse dialekte gehad en Jones die geld wat die ekspedisie moontlik gemaak het. Die Valk se gedagtes dwaal terug tot sy onmiddellike omgewing. Onder hulle lê ’n see van bome, deurspek met blink waterstrome. Sy gedagtes dwaal terug na sy eie Afrika se oerwoude, ’n gedagte wat sy bloed vinniger deur sy are laat bruis en ’n snaakse opgewondenheid by hom wakker maak. ’n Gevoel dat hy eindelik tuis is, tuis in ’n wêreld wat hy met sy hele hart en siel lief het.
Dit is dus die Amasone oerwoud, die grootste in die ganse wêreld, dink hy. Dit is in hierdie digte, stomende woudlandskap waar die Britse ontdekkingsreisiger, Kol. Falcett en twee ander blankes in 1925 verdwyn het toe hulle na ’n verlore blanke ras wou gaan soek het... die ras wat ook hulle nou gaan probeer opspoor...
Die Valk se gedagtes word onderbreek as Dr. Braun langs hom kug. Hy kyk na die man wat uit sy sluimer slaap wakker geskrik het en nou by die patryspoort uit loer.
“Ons behoort binne ’n halfuur neer te stryk. Daarna wag ’n lang bootreis op ons..” Hy kyk na die Oerwoudvalk, sy gesig nou deur ’n breë glimlag verhelder.
“’n Reis soos nie een van ons nog belewe het nie. Woeste barbaarse Indiane, die land van die gevreesde kopjagters en stomende oerwoude met hul legio sluipende gevare. Dan die

Rivier van die Dood en daarna...” Dr. Braun swyg ’n oomblik lank, sy gesig nou ernstig. “Daarna die verlore blanke ras..., die sogenaamde Land van die Vampiere.”
Die geleerde het in Afrikaans met die Valk gepraat. Die klank van sy stem laat Jones en Anita nou omkyk.
“Wat skinder julle daar agter?” vra die jong miljoener op sy kenmerkende Amerikaanse aksent.
“Ons praat sommer oor ons eindbestemming... die Land van die Vampiere,” sê Dr. Braun.
“Vampiere? O-ja, daardie verlore blanke ras... die een wat ons gaan ontdek. Maggies mense, dink net hoe gaan die koerantmanne ons oorval as hulle van ons kordaatstuk verneem... om nie eens van die beeldradio...”
“Stadig Jones, jy moet onthou dat die mense dalk nie eens bestaan nie. En al bestaan hulle, is die moontlikheid baie, baie groot dat ons nie sal oorleef om hul bestaan aan die buitewêreld te gaan verkondig nie.” Braun frons weer.
“Arme ou Frankie,” kom Anita tussenbeide. “Mens sal sweer jy is al stokoud! Natuurlik sal ons hier uitkom om die storie te vertel, nie waar nie Lennie?”
Eenkant snork Alberto. “Lyk my jy dink alles is ’n groot grap, Anita. Kyk bietjie na die wêreld onder jou... sien jy? Net bosse en riviere. Maar dis nie al nie.. o nee meisietjie, dis nog niks nie! Jy moet tussen hulle loop of op die riviere vaar, dan sal jy sien...”
“Jou dogter gaan ook, oupa. Jy dink verniet jy weet alles,” kap die blonde skoonheid terug.
“Ja, Petra gaan saam... maar jy moet onthou dat sy hierdie wêreld ken. Sy het hier groot geword en sy leef al sedert haar tiende jaar hier saam met my.”
Braun maak sy mond oop om te praat, maar Jones praat

eerste. “Toemaar, ou man, alles wat jy kan doen, kan ek en Anita ook doen...”
Op daardie oomblik kom die vlieënier se stem oor die luidspreker tot hulle. “Maak solank jul veiligheidsgordels vas. Ons gaan binnekort land.”

----------

Alberto se waarde vir die ekspedisie het, kort nadat die Dakota op die landingstrook van die klein gehuggie neer gestryk het, baie duidelik tot die Valk deurgedring. Na heelwat gekibbel in ’n taal, waarvan hy, die Valk, geen kop of stert kon uitmaak nie, het hy ’n dik rol note aan ’n son en windgelooide half-Portugees, half-Indiaan oorhandig en toe ’n stewige motorboot in ontvangs geneem. Hy het ’n klompie Indiane wat luiweg op die kaai langs die magtige Amasone-rivier rond geluier het, krities beskou, terwyl dik rookwolke by sy mond en neus uitgedwarrel het, en toe op twee van hulle afgeloop.
Hulle het lank en ernstig gesels. Die Indiane se gesigte het uitdrukkingloos gebly, maar hul oë het tog ’n dieper glinstering vertoon, veral toe hy een keer ’n klompie note uit sy sak gehaal het.
Skemer daardie aand het Alberto hom tot Dr. Braun gewend en in Portugees gesê. “Ons kan nou maar vertrek.”
Daardie aand verwyl hulle in ’n klein hotel wat net van hout gemaak is. Vroeg die volgende oggend is Dr. Braun, die Valk, Alberto en Petra reeds by die kaai, waar hulle hul toerusting in die boot begin laai. Daar is groot voorrade ingemaakte voedsel, koffie en tee, ammunisie en wapens, mediese toerusting en groot hoeveelhede brandstof op ’n plat vlot, wat Alberto intussen ook gekoop het.
Die vaartuig se kragtige masjien is reeds uitgetoets en

Alberto het hulle verseker dat hy niks makeer nie.
Hierna keer Dr. Braun en die Valk na die hotelletjie terug, om hul persoonlike besittings te gaan haal, terwyl Alberto en sy dogter agter bly om die voorrade op te pas.
“Lyk my die Amerikaner en sy nooi slaap nog,” sê Dr. Braun, as hulle die krakende plankstoep van die hotel bereik.
“Hulle sal moet leer om vroeër op te staan,” sê die Valk. Hy is weer in sy oerwouddrag geklee. ’n Lendekleed van luiperdvel, sy lang, blonde hare met ’n varkvelriempie in sy nek vasgebind en ’n jagmes aan sy sy.
Hulle stap die hotel binne. Voor die kamer waarin Petra en Anita geslaap het, gaan Dr. Braun staan. Hy klop aan die deur. ’n Rukkie later hoor hulle Anita se slaperige stem.
“Opstaan Anita, ons wil ry,” sê Dr. Braun.
Binne kraak ’n bed. “Maar dit is nog nie eens behoorlik lig nie...”
“Dit is die beste tyd, Anita. Hier van elfuur se kant sal dit so warm wees...”
Voordat hy verder kan praat, klink Len Jones se stem agter hulle op. Die Amerikaner, net in ’n kortbroek geklee, sy hare deurmekaar, staan in die deur van die kamer waarin die vier mans geslaap het.
“Toe-toe, wat maak julle by Anita se kamer?” Sy stem klink agterdogtig.
’n Frons verskyn op sy voorkop as hy die Valk gewaar. “En jy? Gaan jy so ry?”
“Natuurlik.”
Jones grynslag.
“Jones, ons moet ry.” Dr. Braun se stem klink beslis. “Jy en Anita sal moet opskud of julle bly agter.”
Uit die kamer roep Anita. “Lennie, is dit jy daar buite?”

“Ja skattie…”
“Lennie, hierdie nare Dr. Frank wil hê ek moet nou al opstaan... maar dit is dan nog donker...”
“Is jy dan nog in die bed?”
Natuurlik Lennie, maar die muskiete was baie lastig laas nag. Mens kon nie slaap soos hulle te kere gegaan het nie.”
Dr. Braun tree tussenbeide, sy stem effens bars. “Anita, jy moet nou dadelik opstaan, anders kom ons nie hier weg nie. Toe-toe, julle twee, opskud.”
Hy en die Valk tree by Jones verby, die kamer binne. Eenkant op ’n gehawende bamboes tafel brand ’n lantern rokerig rooi. Die Valk tel ’n lang voorwerp in ’n gebreide velsak op.
“Wat is dit daardie?” vra Jones, terwyl hy op die kant van die bed gaan sit en na sy skoene soek.
“Die?” Die Valk kyk na die lang voorwerp.
“Ja.”
“’n Boog met pyle.”
“Pyl en boog?” Jones kyk hom verbaas aan, sy oë op die Oerwoudman se kragtige lyf, bruingebrand deur die tropiese son van Afrika.
“Ja, pyl en boog.”
Jones lig sy arms bokant sy kop uit en bal sy arms se spiere.
“Maar wat wil jy daarmee maak?”
“Dit is sy wapens, die boog en mes,” sê Dr. Braun, terwyl hy sy hoed op sy kop sit.
Jones skater van die lag. “Ek begin van jou hou, kêrel.” Dan vervolg hy. “Jou humorsin is uitstekend.”
“Ek dink jy moet nou opskud. Ons is haastig.” Die Valk se stem is kalm, maar sy oë gloei gevaarlik.
Jones wil hom eers vererg, maar bedink hom dan. “Oraait

man, ek is besig om aan te trek." Hy maak sy een skoen vas.
'n Rukkie later vra hy weer. "Jy is ernstig met daardie pyl en boog van jou, nie waar nie?"
"Doodernstig."
"Ek het 'n paar gewere. Ek sal een aan jou leen."
"My wapens is goed genoeg, dankie."
Jones se mond hang oop van verbasing. "Jy wil nie 'n geweer hê nie? Besef jy dat ons gevaarlike wêreld binne gaan en dat ons met tye sal moet skiet as ons wil bly lewe?"
"Miskien beter as jy."
Dr. Braun kom weer tussenbeide. "Meneer Rossouw," hy beduie na die Valk, het in die oerwoud groot geword, Jones. Hy ken dit beter as enige een van ons."
"Jy bedoel hy is 'n soort Tarzan?"
"Jy kan dit so stel, ja. Daar is net een verskil. Tarzan is fiksie, meneer Rossouw nie. In Afrika ken almal hom as die Oerwoudvalk.
Jones kyk nou met nuwe belangstelling na die Valk. "Anita sal van hierdie storie hou, dit kan ek julle verseker. "Sy oë dwaal weer oor die man voor hom se veerkragtige liggaam. Weer bal hy sy bo-armspiere. "Kyk hier Oerwoudvalk... is jou spiere so kragtig soos die?"
"Jy is nou kinderagtig Jones."
Die Amerikaner glimlag selfvoldaan. "Hierdie spiere is die mooiste in die ganse Amerika. Hulle noem my Amerika se sterkste man, onthou dit."
Hy tel sy ander skoen op en trek dit oor sy sokkie aan. "En jy, Frankie, onthou jy ook maar. Dit is my geld wat hierdie onderneming moontlik maak. Ek neem dus geen bevele van enige iemand nie, nie ek nie en ook nie Anita nie."
Die geleerde frons, maar sê niks nie. Hy wend hom tot die

Valk en hulle verlaat die vertrek. Buite in die gang merk hulle dat lig darem onder by Anita se kamerdeur uit skyn.
Buite sê die Valk. "Daardie twee gaan nog groot moeilikheid maak. Die jong Amerikaner se sukses in die kragwêreld het na sy leë kop gegaan. Vir hom is die begin en einde van alles blote spiere en kragvertoon."
"Ek is bevrees ek moet tot my spyt met jou saamstem." Dr. Braun trek sy skouers op. "Maar daar is nou niks aan te doen nie. Ons sal maar vir die beste moet hoop."

----------

Die masjien van die groot, kragtige motorboot begin saggies dreun. Agter die stuur sit 'n grofgeboude man. Hy kyk na sy vier kamerade in die ruim kajuit.
"Ons kan maar ry, sê hy. "Daardie ander is al meer as 'n uur gelede weg."
Die vier knik instemmend.
'n Buitestaander wat die betrokke vyf nou sou kon betrag, sou onmiddellik geril het. En met goeie rede.
Want Juan de la Porte en sy vier makkers is op die oog af alles behalwe aangename geselskap. Bruingebrand, gelooi deur son en wind, bebaard en wreed. So lyk hulle en so is hulle inderdaad.
Juan de la Porte en sy vriende ken die Amasone en sy sytakke. Hulle ken die vaarders op die rivier en beskik oor 'n inligtingsdiens wat talle van hul slagoffers al baie ongerief veroorsaak het.
Mense wat die Amasone ken, ken ook vir Juan en sy gevreesde manne. Hulle word deur baie, "rivier rowers" genoem.
'n Naam wat selfs die sterkstes en die dapperstes in hierdie ongenaakbare wêreld met 'n mate van vrees vervul. En met

reg ook, want die woudlegende lui as volg. “As Juan en sy rowers eers jou spoor geruik het, is dit klaarpraat.”

En nou is Juan en sy vriende op die spoor van Dr. Frank Braun en sy geselskap. Hierdie keer is hulle nie haastig nie, want hulle weet waarna die avonturiers soek.

Juan het jare gelede al die eerste keer die fluistering van die oerwoud ontdek. Die fluistering wat vertel het van ’n verlore blanke ras, iewers in hierdie oerwoud wildernis. Al die woudstamme weet van die bestaan van so ’n ras, maar niemand kon nog ooit hul vinger op die presiese plek lê nie.

Maar die oerwoud fluister ook ander dinge. Dit is eintlik die ander dinge wat Juan en sy makkers deur die jare aanhoudend geprikkel het.

Daardie blanke ras beskik oor skatte aan goud en edelgesteentes, wat selfs die rykste Oosterse prins na ’n brandarm man sal laat lyk.

Voordat Dr. Braun en sy manne in die oerwoud aangekom het, het Juan reeds van hul koms en die rede vir hul koms geweet. Een ding kon hy egter nie uitvind nie, en dit was hoe Dr. Braun die verlore ras wil opspoor. Hy het vermoed dat hy oor geheime inligting beskik, miskien selfs een of ander kaart bekom het.

Hoe dit ook al sy, Juan is vasbeslote om dit uit te vind, maar eers later. Intussen sal hy hulle maar net op ’n veilige afstand volg. Later, as hy die tyd as ryp beskou, sal hy met al die genadeloosheid waarvoor hy bekend geword het, toeslaan.

Grynslaggend kyk hy na die twee masjiengewere in die koeëlvaste kajuit. Dan kom die groot boot in beweging...

## Hoofstuk 2
## ONHEIL

’n Broeiende stilte heers hier waar die kragtige motorboot, met die vlot agteraan, stadig kruippend teen die breë stroom opvaar. Hoog bokant hulle bak die vlamrooi son met skroeiende geweld op hierdie ongerepte oerwêreld neer.

Anita, Petra en Alberto skuil in die kajuit teen die son se giftige sonstrale. Die Valk, Dr. Braun en Jones sit in die skadu van ’n groot sambreel op die dek. Agter op die vlot, skuil twee Indiane tussen die brandstofkonkas in ’n selfgemaakte skuiling.

Dis ’n lui dag, afgesien van die muggies wat in digte wolke oor die Amasone stroom saam jag.

Sweet loop teen Jones se voorkop en sy naakte rug af. Hy het, pas nadat hulle aan boord van die boot gegaan het, besluit om die Valk se voorbeeld te volg en stap nou slegs in ’n kortbroek rond.

Dr. Braun is aan die woord. “Ons vaar vierhonderd myl met die Amasone op, voordat ons die hoofstroom verlaat en met die Rio das Mortes, die Rivier van die Dood, verder gaan. Iewers in die vallei van die betrokke rivier moet die Land van die Vampiere wees, volgens die kaart.”

Jones mompel net en staar met ha1fgeslote ooglede deur sy donkerbril, na die myle wye stroom om hulle.

“Die Vampiere is natuurlik baie gevaarlik vir mense. Ons sal fyn spore moet loop as ons bestemming nader kom, want een mistrap kan vir ons die afskuwelikste dood beteken, wat enige mens hom kan voorstel.”

Jones tel sy geweer van sy skoot op. “Hulle sal vir ons ook moet oppas, Frankie. Met hierdie geweer van my, skiet ek hulle heeltema1 uitmekaar.”

’n Skaduwee daal oor die boot neer. Die Valk kyk op na waar groot, haelwit wolke duidelik teen die lug afgeteken is.
“Ons mag dalk binne ’n paar uur reën kry,” sê hy. Jones snork. “Onsin. Dis geen reënwolke daardie nie!”
Die Valk ignoreer die man. Innerlik voel hy dit aan dat hy, die Valk, en Jones kort voor lank ’n potjie gaan loop.
Alberto stuur die boot nader aan die oewer. Petra, beeldskoon en slank in haar ligte drag, kom uit die kajuit gestap met ’n koeldrank in haar hand.
“Pappa sê ons moet maar in die skadu skuil tot die ergste hitte gebreek is,” sê sy.
“Aitsa! Maar pappa Alberto se dogter lyk mooi in hierdie hitte,” lag Jones, terwyl hy ’n kragtige arm na die meisie uitsteek. Sy ontwyk sy grypende hand en stort van die koeldrank oor die Amerikaner.
“Kyk nou wat het jy gedoen, meneer Jones. Kyk hoe het ek nou gemors.” Daar is ’n frons tussen haar wimpers.
Jones het haastig op gespring en staan nou ietwat verslae na sy bemorste lyf en kyk.
Die Valk glimlag. Dit is vir hom duidelik dat die meisie Jones meesterlik uitoorlê het. Petra bemerk sy glimlag.
“En dan lag jy nog, meneer die Valk. Ek bemors Jones en jy lag. Gmf.” Sy ruk haar kop regop, tel die glas op en verdwyn in die kajuit.
“So ’n vervlakste klein katwyfie,” mor Jones. “Ek sal haar nog kry. Niemand skeer met Len Jones die gek sonder vergelding nie.”
Die boot skuur onder die laaghangende takke van die oerwoudbome in, wat hier dig langs die rivier groei. Alberto kom uit die kajuit te voorskyn, terwyl hy die sweet van sy voorkop afvee.

"Eers gou eet, dan bietjie dut en dan verder," sê hy terwyl hy die oerwoud wantrouerig betrag.
Anita glimlag as sy Jones sien. Haar gesig is rooi gebrand en sy lyk nie meer so fris en vars soos 'n paar dae gelede nie. Sy wikkel haar eers onder Jones se een groot arm in en tree dan weer amper dadelik agteruit.
"Hoekom is jy so taai, Lennie? Wat het die nare Petra met jou gemaak?"
Jones snork net en lyk amper verleë. Anita gee hom egter nie veel kans om tot verhaal te kom nie. "Lennie skat, hoe lank sal ons nog in hierdie aaklige wêreld wees? Hierdie barbaarse geriewe maak my gek, om nie eens van hierdie ewige hitte, muggies en die vader weet wat alles nog te praat nie."
Petra staan in die kajuitdeur. Die Valk en haar oë ontmoet, hou mekaar 'n paar sekondes en dan kyk die meisie weg. Weer word die Valk deur die besondere skoonheid van die jong vrou voor hom getref. In hierdie oerwêreld sal manne mekaar se kele maklik om haar onthalwe afsny, dink hy.
Alberto en sy dogter verdwyn weer in die kajuit om 'n ete te gaan voorberei.
Die Valk staan van sy stoel af op en kyk na bo. Deur die takke merk hy dat die hele lug nou feitlik bewolk is. Die wind het intussen ook sterker begin waai en rol die rivier tot groter golwe saam. Agter hom hoor hy die twee Indiane op die vlot gesels.
Nie lank daarna nie tref die tropestorm hulle in al sy furie. Boomtakke kraak onder die aanslag van die wind, wat nou stormsterkte bereik het. Swaar druppels druis op die boomblare en breek tussen die takke deur tot op die boot. Almal, behalwe die Valk, haas die kajuit binne.